

Saterdag 13 November

Skrifgedeelte: Jesaja 30:1-26

Fokusgedeelte: Jesaja 30:15, 18
(1933/53-vertaling)

In vertroue en stilwees

Sonde verander eintlik nie veel nie. Die volk Israel se lewe was 'n teken daarvan. Ons lewe is 'n teken daarvan. As ons onself kry, vertrou ons nie meer op die Here nie. Wanneer daar belangrike besluite is om te neem, wil ons graag self daar uitkom. In ons teksgedeelte roep die Here sy volk terug na Hom toe. Laat vaar julle vertroue op Egipte en al die ander volke. Hulle gaan julle nie help nie. Keer terug, daarin lê julle heil/verlossing. In stilwees en vertroue bestaan julle krag.

Die gedagte van stilwees, beteken om te bid. Bid tot die Here, en vertrou dat Hy jou gebede hoor. Hy is tog ons Vader wat in die hemel is. Hy versorg ons elke dag met sy Vaderhand. So het Hy vir Israel gesorg, en tog vertrou hulle op mense. Vers 15 maak dit duidelik dat ons onself nie kan help nie, alleen die Here kan ons help. Alleen die Here kan uitkoms gee wanneer dit sleg gaan met ons gesondheid, met ons finansies, met ons politiek.

Bid tot die Here. Gebed is tog die vernaamste deel van die gelowige se lewe! Kyk die merkwaardige woorde van vers 18. In ongeduld wag die Here. Ons kan dit ook vertaal met verlang. Die Here verlang om ons genadig te wees. Die Here wil ons in Christus aansien!

Welgeluksalig is almal wat op Hom wag. Waarom? Want 'n volk sal op Sion woon. Openbaring 14 bring ons na hierdie toneel op Sionsberg. Al die uitverkorenes is veilig by Christus. Weg van God se toorn oor sonde, want Christus het dit reeds in ons plek gedra.

Mag ons elke dag terugkeer na die Here. Word stil en bid tot die Here oor elke deel van jou lewe. Wag met vertroue en verlange vir die dag wanneer Christus weer met die wolke kom.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. W Brotherton (Werner) (Vryheid)